:—: Koers :—:

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

DEEL XXI. JUNIE 1954. No. 6.

# AFRIKAANSE VOLKSWORDING EN SUID-AFRIKAANSE NASIEVORMING.

Meer as twintig jaar gelede (nl. in 1931/2) het oor bogenoemde onderwerp 'n diskussie in die **Tydskrif vir Wetenskap en Kuns** plaasgevind. Wyle prof. dr. R. F. A. Hoernlé het die eerste geskryf en wel oor

> Suid-Afrikaanse nasieskap behoort aan Afrikaanse volkskap gesubordineer te word.

**Enige gedagtes oor nasionalisme** (X, 1), ondergetekende het geantwoord met **Die idee van nasionalisme** (X, 2) en prof. F. J. Labuschagne het die diskussie afgesluit met **Nog gedagtes oor nasionalisme** (X, 3). Net dele van hierdie diskussie gee ek weer en wel **in vrye bewoording.**

Die onderhawige vraagstukke is al omtrent 150 jaar oud, d.w.s. het ontstaan sinds die Engelse bewind sig in ons land kom vestig het. Dit is die vrae of die Afrikaner Engelsman en of die Engelsman Afrikaner moet word, verder of Afrikaner en Engelsman saam 'n groter eenheid, 'n Suid-Afrikaanse nasie moet word waaraan die verskille van taal en kultuur as

relatiewe verskille gesubordineer moet word en ten slotte of Engelsman Engelsman en Afrikaner Afrikaner moet bly maar 'n modus vivendi, 'n soort samewerking moet vind wat hierdie identiteitsverskille tussen beide moet eerbiedig en bestendig.

Hierdie vraagstukke word vandag opnuut aktueel en verdien in ons tyd opnuut ondersoek te word.

„ ,In spite of all temptations to belong to other nations' het ek uit eie verkiesing besluit om 'n Suid-Afrikaner te word, vereenselwig ek my met Suid-Afrika deur tradisies en ideale wat ek uit Europa meegebring het op Suid-Afrikaanse probleme toe te pas, is ek gewillig om in ons land te lewe en te sterwe, het ek Suid-Afrika lief en beskou ek dit as my vaderland . . . In my oë is ek 'n „ware Afrikaner" al reken **ware Afrikaners** my nie tot een van hulle nie omdat ek geen afkomeling van die oortrekkers of ten minste nie hier gebore is en omdat my huistaal nie Afrikaans is nie . . . . Ek glo egter aan 'n progressiewe nasionalisme wat hom deur ideë en ideale van buite laat verryk, 'n nasionalisme van die toekoms gedra deur tweetalige vaders en moeders met kinders wat nie meer net een moedertaal ken nie, 'n nasionalisme wat ook 'n Bantoe-nasionalisme sal eerbiedig en wat 'n harmoniese en onpartydige saamvatting sal wees van al die variasies onder ons, ook van die verwesentlikte Bantoe-aspirasies, 'n nasionalisme wat geen vrees ken nie omdat dit geen rede het om bang te wees vir enige beskaafde mens nie, al is sy kleur ook hoe swart". Aldus prof. Hoernlé.

Teenoor prof. Hoernlé het ons destyds 'n ander beskouing gehuldig. Destyds, want vandag huldig op grond van politieke en ekonomiese ervarings sommige wat 20 en 30 jaar gelede saam met ons aan die politieke en aan die taal- en kultuurstryd deelgeneem het, 'n ander mening. Hierdie meningsverskil in eie geledere maak die onderhawige vraagstukke soveel aktueler. Destyds en voorheen het ons gemeen en meen die meeste van ons nog dat 'n Engelse Suid-Afrikaner geen ware Afrikaner is nie, al is vir hom Suid-Afrika sy enigste tuiste en al stel hy in alles Suid-Afrika eerste; dat hy 'n ware Afrikaner kan word slegs deur vereenselwiging met die Afrikaanse volk, taal, kultuur en aspirasies en nog meer deur huwelik met 'n Afrikaner.

Prof. Labuschagne betoog met 'n goedige en goedbedoelde spot ('n spot wat prof. Hoernlé hom tog enigsins aangetrek het, soos hy dit aan my meegedeel het): „Die globetrotting internasionalis (Prof. Hoernlé het in Duitsland, Engeland, die V.S.A. en ek meen ook in Australië vertoef voordat hy hom finaal in ons land kom vestig het—H.G.S.) kan nie die kleed van nasionalisme aandoen en **uit eie verkiesing** 'n ware Afrikaner word nie, net so min as wat hy uit eie verkiesing 'n ware Indiër kan word, ook al word hy besield deur die heroïese nasionale beweging van Ghandi,

al raak hy met aanbiddende verwondering vervuld vir die grootse Ghandi-persoonlikheil, al draai hy Ghandi se einste spinnewiel, al ombind hy Ghandi se einste lendekleed, al drink hy Ghandi se einste bokkemelk en al bly hy saám met Ghandi 'n hele lewe in die tronk".

Bostaande deel van die gen. diskussie gee aanleiding tot drie vrae:

**Die eerste vraag:** Wat is **'n ware Afrikaner** en die verhouding tussen die twee taalgroepe in ons land?

**Die tweede vraag:** Kan jy **uit eie verkiesing** 'n ware Afrikaner word?

**Die derde vraag** (wat implisiet deur die eerste twee veronderstel word): Wat is 'n **nasie** en wat sy verhouding tot die staat?

I.v.m. die **eerste** vraag moet ons tussen twee soorte Engelse in ons land onderskei, nl. húlle (en met húlle reken ons in die vervolg van ons betoog nie meer nie) wat "home"-idealiste is, Suid-Afrikaanse belange aan die van Groot-Brittanje ondergeskik stel, dit onnodig ag om Afrikaans te leer en ons landsprobleme nie vanuit 'n Suid-Afrikaanse standpunt kan benader nie; èn húlle (meestal hier gebore en selfs vir drie tot vier geslagte hier) wat Suid-Afrika as hul enigste tuiste beskou, Suid-Afrika eerste stel en ons land se probleme wel vanuit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt leer sien het, maar wat hul Engelse taal en kultuur nie wil prysgee nie. Die kloof tussen beide soorte Engelse word by die dag groter. Is laasgenoemde Engelse Suid-Afrikaners, Engelse, of Afrikaners, of wat?

Die praktiese lewe bemoeilik die beantwoording van die eerste vraag omdat huwelikke tussen Afrikaners en Engelse Suid-Afrikaners toeneem, omdat gemeenskaplike ervarings aan die oorlogsfronte in die jongste wêreldoorlog onderlinge verskille gerelativeer het, omdat gemeenskaplike belange op die gebied van handel en nywerheid die ervaarde verskille tussen beide groepe laat verminder en omdat op sportgebied en in die omgang tussen beide in die stede die ervaarde onderskeid tussen hulle vervaag. Dit gebeur, nieteenstaande ons enkelmedium-skole en ons party-politieke verskille, verskille wat in die grond van die saak ook maar baie relatief begin word.

Ook eksterne omstandighede dwing Afrikaners en Engelse Suid-Afrikaners na mekaar toe. Ons naturelle-vraagstuk en die wêreldkritiek op ons toekomsbeplanning in hierdie verband, die toenemende politiese en ekonomiese inskakeling van Suid-Afrika in die belangesfeer van die Westerse volkegroep laat die onderskeid tussen die twee blanke volksgroepe in ons land maar baie relatief lyk en hul saamhorigheid van meer fundamentele belang.

In die laaste desennia (in samehang met bostaande asook onder invloed van Engelse literatuur, van die bioskoopwese, ens.) word die taal, kultuur, gedagte- en gedragswêreld van die Afrikaner geleidelik maar duidelik verengels. Die Afrikaner begin sy identiteitsgevoel verioor. Van die talryke tekens van verengelsing hoef ek geen voorbeelde te gee nie; hulle lê orals voor die hand. Tog wil ek in hierdie verband 'n sterk protes aan die adres van die Afrikaanse student rig, die volksleier van die toekoms. Die huidige Afrikaanse student strewe nie meer soos sy strydlustige voorganger na suiwere taalvorming en taalhandhawing nie; inteendeel hy deurspek met welbehae ons mooi Afrikaanse taal met Engelse en Amerikaanse woorde en basterwoorde en idiome; hy geniet dit om ons taal te verbrou, onaantreklik en on-Afrikaans te maak. Dink maar aan woorde soos braait, deit, faait, haaik, krêm, laaik, laaimlaait, laait, moun, plies, raait, sjaainvang, skrêm, skriem, skwiel, sparkling, spaait, swoen, swot, uitfigger en soveel ander meer wat sy daaglikse omgangstaal so potsierlik ontsier. Tereg het prof. dr. M. S. B. Kritzinger van U.P. onlangs alhier op Dingaansdag teen hierdie soort lelike en verbasterde studente-Afrikaans geprotesteer. Dat die studenterade aan ons Afrikaanse universiteite aan hierdie taalkrenkende brousel geen of nie méér aandag gee nie, strek hulle seer seker nie tot eer nie. Natuurlik moet die student 'n eie studentetaal hê—daarsonder is hy geen student nie!—maar dan moet hy sy taal laat skittter van volkseie oorspronklikheid.

Die verengelsingsproses van die Afrikaner word vergemaklik deur die feit dat (anders as taalgroepe bv. in België of Switserland) ons taalgroepe globaal gesien geografies nie geskeie lewe nie. Die verengelsingsproses word vergemaklik deurdat Afrikaners wat die dae van die Republieke, van die Engelse oorloë, van die konsentrasiekampe, en van 1914 se rebellie meegemaak het, van die toneel verdwyn en deur 'n geslag vervang word wat daardie ervarings net van hoor-sê ken. Dit word vergemaklik deurdat Hollands oorboord gegooi is. Hierdie laaste punt verdien 'n aparte paragraaf.

Die vorige geslag Afrikaners kon Hollands praat, lees, skryf en bid al was dit Kaap-Hollands—en sommige van hulle wat op die drempel van die graf staan, kry vandag nog swaar om in 'n ander taal as Hollands te bid. Maar die huidige jong geslag beskou Hollands as 'n vreemde taal en kan nie meer Hollands lees, praat en skryf nie en verryk sy taal deur leenwoorde uit Engels te put. Afrikaans het gekom en móés kom om Hollands te vervang in die kerk, in die parlement, in die skool, in die geregshowe, ens., maar met die koms van Afrikaans is Hollands so te sê heeltemal oorboord gegooi. Die gevolg is dat die Afrikaner sy Dietse bewustheid verloor en bv. op reis meer tuis voel in Londen as in Culem-

borg. Die identiteitsbesef van die Afrikaner hang onverbreeklik saam met sy besef van sy Dietsheid, van sy Dietse verband, van sy Hollandse Afrikanerskap. Verloën die Afrikaner sy Dietsheid, dan verloën hy sy verlede, raak hy histories ontworteld en dan verloën hy homself en verloor hy sy Diets-Afrikaanse identiteitsbesef teenoor die Engelse Suid-Afrikaner. Hiermee word nie betoog dat hy geen eie volkse tipe mag vorm nie en ook nie dat hy geen invloed van sy Engelse medeburgers mag ondergaan nie (soiets kan nie uitgeskakel word en vice versa ook nie)—maar dat as die Afrikaner sy identiteit en identiteitsgevoel as Diets- Suid-Afrikaanse tipe wil bewaar, hy sy Dietsheid en sy Dietse selfbewustheid opsetlik moet versterk. Met die koms van Afrikaans moes Hollands as 'n agtergrondstaal op die laere en middelbare skole gebly het en wel só gebly het dat die Afrikaner wat die skool verlaat nie net Hollands kan lees, praat en skryf nie, maar dit as 'n familietaal leer liefkry het.

Die voorgaande bied die konstellasie waarin sommige Afrikaners (na wie ek reeds verwys het) propaganda begin maak vir 'n Suid-Afrikaanse nasie waarin Afrikaners en Engelse Suid-Afrikaners in dieselfde sin nasielede en in gelyke sin „ware Afrikaners" sal wees. Hulle vereenselwig hulle met die klanke wat die Van Riebeeckfeeste (veral te Kaapstad) laat hoor het, nl. die ideaal van één Suid-Afrikaanse nasie met twee moedertale en twee „gleichberechtichte" taalgroepe.

Hiermee is die **eerste** vraag nog nie beantwoord nie.

* * * *

I.v.m. ons **tweede** vraag kan mens volgens prof. Hoernlé lid van 'n ander nasie word uit eie verkiesing, d.w.s. op grond van 'n verantwoordelike wilsbesluit. Vir die liberalis (en dus ook vir prof. Hoernlé) het die redelike-sedelike wilsbeslissing van die enkeling fundamentele betekenis; veral juis dit gee aan die mens en sy vryheid sy besondere waarde en waardigheid; dit is hierdie „uit eie verkiesing" wat aan nasieskap en nasionalisme sy besondere betekenis en sin gee. Hierdie gedagtes hang saam met die liberalistiese opvatting van 'n nasie as die steeds veranderende en ontwikkelende totaal van enkelinge wat in één land saamwoon, 'n gemeenskaplike lot ervaar en onder één regering staan, daargelate of hierdie enkelinge in subgroepe saamgegroepeer kan word. Die laaste stel ek om aan prof. Hoernlé se neo-liberalisme reg te laat wedervaar. Hierdie opvatting impliseer verder dat die staat 'n nasie saamvat, regeer en sodoende bepaal.

Vir prof. Labuschagne is 'n nasie daarenteen 'n komplekse verskynsel, 'n organisme wat groei, organies gebind soos dit is aan sy land en organies bepaal soos dit is deur sy vitale bloedsband en sy geestelike kul-

tuurband. „Nasionalisme is 'n onverbiddelike stukrag, 'n onweerstaanbare en moontlik onvertolkbare lewensdrang tot die liefde vir jou land, nasie en wat daarmee saamhang. Dit is soiets as my liefde vir my kind: magtig, onweerstaanbaar, onaflegbaar, onuitroeibaar; soiets soos die liefde vir my nooi wat my jong hart in my laat bons het toe ek haar die eerste keer aanskou het. Nasionalisme is nie iets wat „uit eie verkiesing" aangeneem of afgelê kan word nie; die „uit eie verkiesing" is die dood van nasionalisme; nasionalisme is onserebraal, onwillekeurig, psigies-vitaal saamgeweef met en in my persoonlikheidswese". Vir hom is nasie oorspronkliker as die staat, en die staat iets wat die nasie veronderstel.

Hiermee is die **tweede** vraag nog nie beantwoord nie. Ons sal eers die derde vraag onder oë moet sien en dan in omgekeerde orde tot die **tweede** en die **eerste** vrae terugkeer.

* * * *

En nou die **derde** vraag.

Om te weet wat nasie is moet ons ons tot die menslike samelewing wend soos dit sig deur die eeue heen tot nou toe ontwikkel het. Vra ons nou die samelewing wat 'n nasie is, dan tref ons daar **twee** verskillende soorte samelewingskringe aan wat beide nasie genoem word, maar wat tog dermate verskil dat hulle as onderskeie kringe beskou moet word en met onderskeie benaminge aangedui behoort te word. Om verwarring te voorkom sal ons die één **nasie** en die ánder **volk** noem en sake wat die een as geheel tref, nasionaal noem, en wat die ander as geheel tref, volks noem.

Om ons te oriënteer sal ons in die gevalle van bv. Switserland, België en Tseggo-Slowakye van nasies spreek en daarenteen Afrikaners (as u wil: Boere), Hollanders, Duitsers, Franse, Engelse, Italianers, ens. volke noem.

'n Nasie is—of beter—kán saamgestel wees uit verskillende taalgroepe; 'n volk daarenteen het net één taal (op die vraagstuk van dialekte gaan ons hier nie in nie). 'n Nasie is gebind tot die grense van 'n bepaalde gebied soos bepaal deur die staat wat oor daardie gebied regeer; 'n volk is nie tot één bepaalde gebied en staat beperk nie; Afrikaners vind u in Suid-Afrika, in Suidwes-Afrika, in die twee Rhodesiës,in Kenia, in Suid-Amerika, ens. en die Joodse volk vind u versprei oor alle wêrelddele. Vir 'n nasie is nie, maar vir 'n volk is wel sy organiese karakter, sy afstammingsverband (bloedsband) en sy kulturele eenheid kenmerkend. By 'n nasie kan mens binne perke „uit eie verkiesing" aansluit, maar vir 'n aansluiting by 'n bepaalde volk is die „uit eie verkiesing" (altans waar dit nog moontlik is) geheel en al onvoldoende. Afgesien daarvan of hul betrokke analises reg en hul veronderstelde beginsels juis is, blyk uit hierdie beknopte vergelyking dat prof. Hoernlé met sy betoog 'n nasie en prof.

Labuschagne met sy uiteensetting 'n volk op die oog gehad het.

'n Skerpe onderskeiding tussen volk en nasie vind ons egter as ons beide van die staat onderskei.

Die staat is 'n kring wat in 'n bepaalde land (funderingsfunksie)* reg vorm en reg handhaaf (bestemmingsfunksie). Waar daar baie state is, is die staatsgebied begrens; maar gebiedsbegrensing is geen kriterium van 'n staat nie, omdat 'n wêreldstaat nie tot die onmoontlike en die sinlose behoort nie en sy gebied die hele wêreld is.

Die staat het een of meer volke of volksdele (ook gesinne, enkelinge, ens.), om oor te regeer, terwyl 'n volk 'n volk kan wees ook al het dit nie in staatsverband gestaan nie. So het bv. 'n deel van die Afrikaanse volk uit die Kaap getrek en na vestiging op betrokke gebiede sy republieke (state) gevorm. Die volk is dan ook oorspronkeliker as die staat; dit vorm 'n basis van die staat.

'n Nasie daarenteen veronderstel die staat. Die staat bind die volk(e) en/of volksdeel(-dele) in 'n bepaalde land of gebied tot 'n polities-ekonomiese lotsgemeenskap saam en vorm sodoende 'n nasie. So bind die Belgiese staat die betrokke volksdele, nl. Vlaminge en Wale saam tot 'n Belgiese nasie, met sy één vlag, één volkslied en nasionale sentiment saam.**

Tussen volk of volksdeel en nasie bestaan binne die betrokke gebied wisselwerking en wedersydse beïnvloeding van mekaar. Dit kan moeilik aangetoon word waar 'n staat net oor één volk of volksdeel regeer en hiervan die nasie vorm. Maar waar 'n staat verskillende volke en (of) volksdele regeer en daaruit 'n nasie vorm kan die beïnvloeding wel aangetoon word. So word bv. die Afrikaners in Argentinië geleidelik 'n ander tipe Afrikaner as die van ons Unie. 'n Staat (en die hieruit voortspruitende nasie) het 'n meer organiese karakter as dit net oor één volk of volks-

---

* Die fisiese (in onderskeid van die energetiese) en nie die historiese is die funderingsfunksie van die staat; die historiese val nie onder die kosmiese dimensie van die modaliteite of wetskringe nie, maar onder die van gebeurtenisse. 'n Duidelike bewys hiervoor is die Joodse volk wat as volk bestaan het ook toe dit geen staat was nie, maar wat eers 'n Joodse staat kon vorm toe dit soevereiniteit oor 'n bepaalde gebied, nl. Palestina verkry het.

** Die bestemmingsfunksie van die volk (liefde tot die volk met sy afstammingsverwantskap, sy eie taal en volkse kultuur) is die sedelike. So ook is die bestemmingsfunksie van die nasie die sedelike (liefde tot die landgenote onder dieselfde regering met dieselfde lotsgemeenskap). Maar hul funderingsfunksies verskil. Die funderingsfunksie van die volk is die biotiese (sy afstammingsverwantskap, sy bloedsband) en die van die nasie die deur die staat begrensde landsgebied (die fisiese). Hieruit blyk dat die volk 'n veel hegter eenheid vorm as die nasie.

deel regeer, maar het 'n meer meganiese karakter as dit meer as één volk en (of) volksdeel tot 'n ekonomies-politiese lotsgemeenskap saambind.

Nieteenstaande sy politieke oorsprong en belange is 'n nasie 'n meer as politieke eenheid en omspan dit die kulture van die verskillende volke en(of) volksdele wat daarin saamgevat is. In die mate wat hierdie kulture verwant is, kry die eenheid van die nasie 'n meer holiese karakter en in die mate wat dit nie die geval is nie 'n meer meganiese karakter.

Spanninge tussen volksbelange en nasiebelange sal daar altyd wees as 'n nasie 'n saambinding van volke en (of) volksdele is. Vergelyk maar in ons land die spanning tussen Afrikaners (wat die jongste oorlog nie begeer het nie) en die Suid-Afrikaanse nasie (wat hom in die oorlog begewe het). Volgens besondere omstandighede sal die belange van die een (bv. ons Transvaalse skoolstryd) en dan weer die belange van die ander (bv. handelsbelange met die buiteland) voorrang geniet en besonder beklemtoon word.

Omdat my volkskap oorspronkliker is as my nasieskap is ek in die eerste plek en in die algemeen eers volksgenoot (Afrikaner, Vlaming, Duits-Switser) en daarna in die tweede plek nasie-lid (Suid-Afrikaner, Belg, Switser).

Afgesien van staatsoptrede tree die nasie as sodanig op in die mate wat dit 'n eenheid is. Maar om 'n nasie te wees, is hierdie eenheid geen sine qua non nie; want uiteindelik vorm die staat die eenheidsbasis van die nasie. Juis daarom kan prof. Hoernlé spreek van so'n omvattende Suid-Afrikaanse nasie waartoe ook die Bantoe met sy taal, kultuur en aspirasies sou kan behoort.

Dit is egter duideliker wat onder volkseenheid verstaan moet word en wel op grond van die bloedsband en die band van taal en kultuur( die geestelike band) wat die volksgenote saambind.

En ten slotte moet opgemerk word dat volke en nasies nie net daar is nie, maar dat hulle kom, ontwikkel en gaan. Volkswording en nasievorming is prosesse en die geskiedenis bied voorbeelde genoeg van volke wat tot nasie verbind in die nasie opgaan, d.w.s. as aparte volke verdwyn terwyl die nasie weer tot 'n nuwe volkseenheid met 'n nuwe taal en kultuur uitgroei; maar daar is ook voorbeelde van nasies wat as nasies uiteenval in aparte volke waarvan elk weer sy besondere identiteit vir 'n tyd behou.

* * * *

Na die onderskeiding van volk, staat en nasie kan ons tot die **tweede** vraag terugkeer.

Van 'n ander **nasie** kan ek „uit eie verkiesing" lid word en bly mits die betrokke immigrasiebepalings en naturalisasiewette dit toelaat en ek my

daaraan onderwerp. Op dié voorwaardes kan ek bv. lid word van die Amerikaanse of Switserse of Hollandse of Belgiese of Franse nasie, ens.

Al onderskryf ons nie prof. Hoernlé se liberalistiese beginsels nie, is met sy „uit eie verkiesing" momente van verantwoordelikheid en vryheid gegee wat as sodanig waardering verdien, 'n vryheid wat in die liberalistiese praktyk tot willekeur uitloop omdat die mens sondaar is en die liberalis in fundamentele sin hom net aan homself verantwoordelik stel, maar 'n vryheid wat die Calvinis onder wet van God en verantwoordelik aan God stel. Hierdie vryheid en verantwoordelikheid kom in prof. Labuschagne se bydrae eintlik nie tot sy reg nie.

Dit gaan egter moeilik om „uit eie verkiesing" 'n lid van 'n ander volk te word. Ons kan hierdie „uit eie verkiesing" nie so radikaal afwys as wat prof. Labuschagne dit skyn te doen nie. Die Barrish's, Bingle's, Haywoods, Macdonalds, Murrays, Tomlinsons, Webbs, ens. het nie somaar vanself Afrikaners geword nie; hulle kon Engelse gebly het; om Afrikaners te word moes hulle hulself gee; m.a.w. hulle het 'n keuse gehad. Maar waar prof. Hoernlé se „uit eie verkiesing" 'n wilskeuse is, daar is die keuse om lid van 'n ander volk te word 'n keuse van die hart: jy moet jou eie taal en kultuur prysgee en die taal en kultuur van 'n ander volk as jou éie aanvaar en leer ervaar. Maar daar is 'n keuse en die keuse is verantwoordelik, al is die keuse nie die van 'n deur die verstand geleide wil nie, maar 'n keuse van die verantwoordelike liefde van die hart. Bowendien is die realisering van die laasgen. keuse 'n organiese proses van ingroeiing in die taal en kultuur van die ander volk, 'n proses van volkse inenting en moet in hierdie proses die ander volk jou ook opneem as sy eie. Lidwording van 'n ander volk word deur huwelik met iemand uit daardie volk verinnig en verstewig. Lid van 'n volk word jy egter in die mees fundamentele sin slegs deur geboorte en opvoeding.

Om sy organiese karakter spreek ons hier van volkswording, terwyl ons by nasie van nasievorming spreek. Wat hier egter beklemtoon moet word, is dat volkswording en lid-wording van 'n ander volk ook 'n vrye en aan God verantwoordelike daad is, al is die vryheid van die hart onderskeie van die vryheid van die wil. In beide gevalle is daar 'n „uit eie verkiesing"; dit blyk ook daaruit dat iemand sowel sy volk as sy nasie kan vaarwel sê, al kan hy die nasiebande met 'n wilsdaad breek, terwyl hy die volksbande geleidelik moet ontgroei. M.a.w. volke word nie gebou nie, maar ontstaan en groei, terwyl nasies gevorm of gebou word. Maar in beide gevalle is die mens vry en verantwoordelik vir wat gebeur.

Tog is aan die lid-wording van 'n ander volk perke gestel: 'n Afrikanner kan geen Soeloe word nie. . Aan die ander kant weer kan Afrikaners en Soeloes saam 'n kleurlingras vorm.

Met die „uit eie verkiesing" word geen willekeur bedoel nie; want al bestaan daar wel geen algemene norms vir volkswording en nasievorming wat vir alle volke en alle nasies op alle tye en onder alle omstandighede geld nie, is elke besondere volkswording en elke besondere nasievorming normatief gebind aan die lig van Gods Woord op die besondere situasie, aan die besondere beginsels wat vir die besondere geval geld, aan die tekens van die besondere tye wat ook nie strafloos veronagsaam mag word nie en aan die gang van die geskiedenis, d.w.s. die hand van God in die verlede van die besondere volk of die besondere nasie. Volkswording en nasievorming staan in al die vier genoemde gevalle voor die roepstem van God wat die betrokke volk en die betrokke nasie onder die gebod van roepingsvervulling stel.

* * * *

Hiermee land ons by ons eerste vraag aan.

'n **Ewige** volksbestemming en 'n **ewigdurende** bestaan het die Afrikaner **nie**; sy volksbestemming is histories bepaald en sy volksbestaan tydelik. Solank hy as Afrikaner 'n taak het om dit te vervul en dit getrou nakom, mag hy van sy voortbestaan verseker wees.

Maar wie is hy?

Aan 'n definisie of omskrywing van „ware Afrikaner" waag ek my nie.

In 'n ruimere sin mag as „ware Afrikaner" aangedui word 'n afstammeling van Geus, Hugenoot en Voortrekker en ander wat saam met hulle die Afrikaanse volk laat word het, iemand wat net Afrikaans as sy moedertaal erken, en iemand wat die Afrikaanse kultuur as sy eie beskou en wat voel dat bv. Vondel, Goethe, Shakespeare, ens. aan ander volke behoort. Ook hy wat uit 'n ander volk afkomstig hom met die taal en kultuur van die Afrikaner vereenselwig en liefs nog deur huwelik met die Afrikaner verbind is. Maar al hierdie aanduidinge is onvoldoende; daarom deel prof. Labuschagne Afrikaners in groepe van mindere of meerdere suiwere en getroue Afrikaners.

In 'n engere sin dan is 'n „ware Afrikaner" hy wat bowendien die aspirasies en ideale van die voorgeslagte aanvaar, bewaar en voortsit, o.a. opsetlik sy Dietsheid bevestig en teenoor verengelsing beskerm, in hart en niere 'n Republikein is en 'n republiek buite die verband met die Britse Gemenebes begeer en anders as ander nasionalismes* sy nasionalisme Christelik fundeer in die wil en die wet van die God van die Skrifte, d.w.s.

* Dit word beweer dat die nasionalisme van die Finne ook religieus gegrondves is.

dit in Calvinistiese beginsels grondves.** In die mate wat iemand dan van hierdie historiese ten minste drie-ledige lyn, van hierdie „Pad van Suid-Afrika" afwyk, wyk hy van „ware Afrikanerskap" af.

Dat die Afrikaner teenoor die Naturel, Kleurling en Indiër sy Blanke identiteit sal bewaar en dat die apartheidsbeleid asook die aanvaarde voogdyskap oor die gekleurde rasse „waarlik" Afrikaans, 'n Afrikaanse produk is, sal niemand betwis nie. .

Die „ware Afrikaner" sal ook teenoor die Engelse Suid-Afrikaner sy identiteit wil bewaar. As die Engelsman geen Afrikaner in volkse sin wil word nie (en dit verwag die „ware Afrikaner" van hom), 'n Engelsman en selfs 'n Engelse Suid-Afrikaner word hy nie. Dit word bevestig deur sy politieke stryd in die laaste vyftig jaar, deur sy taal- en kultuurstryd en deur sy besondere Afrikaanse prestasies op al hierdie gebiede. Agter hierdie suksesse was **Afrikaanse** geesdrif. Maar in die laaste paar desennia word 'n sinkretistiese lyn al duideliker in ons volkslewe. Die Afrikaner begin al meer vreemde gode in sy huis inbring. Hierop het ek reeds vroeër gewys, bv. in die Van Riebeeck-nommer van **Koers.** Ook begin die Afrikaner sy bewustheid van sy Dietsheid te verloor waardeur hy al meer verengels. Dit is afwykings van die eintlike weg wat die voorvaders bewandel en aan ons voorgeteken het. En dit geskied nie sonder verantwoordelikheid nie. Maar daar is 'n gesonde en kragtige kern van „ware Afrikaners" wat weet wat ons volk se roeping is en van wie leiding en besieling uitgaan.

Die Engelse Suid-Afrikaner wat ons land as sy enigste vaderland aanvaar, maar wat sy taal en kultuur wil behou en uitbou is geen volk soos die Afrikaanse volk 'n volk is nie, maar is 'n deel (al is dit 'n Suid-Afrikaanse deel) van die Engelse volk oorsee. Die Afrikaanse volk en die Engelse Suid-Afrikaanse volksdeel is burgers van die staat, die Unie van Suid-Afrika. Kragtens hierdie binding en die daarmee gegewe politieke en ekonomiese lotsgemeenskap in dieselfde land, sal hulle 'n Suid-Afrikaanse nasie vorm. Trouens al is Suid-Afrikaanse nasieskap nie al orals verwesenlik nie, in enkele opsigte bestaan hierdie nasie reeds as nasie en wel met 'n merkwaardige nasie-eenheid. Dink maar aan ons Springbokke en ons gemeenskaplike vreugdebetoon met Springbokprestasies; Springbokke en ons Springbok-sentiment is geen Afrikaans-volkse verskynsel nie, maar 'n Suid-Afrikaans-nasionale en ons trots op hulle is geen volkstrots nie, maar 'n nasionale!

---

** M.i. is die ideaal deur manne soos press. Kruger en Steyn, genll. de Wet, Beyers en de la Rey en deur Jopie Fourie uitgestippel die suiwerste uitdrukkings van „ware Afrikanerskap". Dat ander met my hierin sal verskil, vandag meer as vroeër, moet helaas toegestem word.

In hierdie huidige situasie moet die „ware Afrikaner" kies en verantwoordelik kies tussen die volgende moontlikhede:

a). Die ideaal van 'n nasionale éénstroom, van 'n nasie-eenheid waaraan die verskille tussen Afrikaners en Engelse Suid-Afrikaners asook tussen hulle tale en kulture ondergeskik gestel word en waarin genoemde verskille relatief beskou word; **of**

b). die ideaal van 'n so suiwer moontlike bewaring van Afrikaner-identiteit in ooreenkoms met die ideale en aspirasies van sy voorgeslagte terwyl sy samewerking met die Engelse Suid-Afrikaner hieraan gesubordineer en hiervan afhanklik gestel word, sodat die eenheid van die Suid-Afrikaanse nasie van sekondêre betekenis is en sal bestaan slegs uit 'n harmonie van die verskille van die betrokke volksgroepe.

M.i. is die laaste weg die weg van die „ware Afrikaner". Want so alleen kan hy die roeping wat God hom hier gegee het na behore vervul, nie alleen wat die verdere uitbou van sy eie taal en kultuur betref nie, maar veral ook wat die verhouding tot die gekleurde rasse betref, 'n vraagstuk waarin hy heel Afrika en ook die V.V.O. leiding moet geen. Die Engelse Suid-Afrikaner is van huis uit te veel liberalisties en metodisties en sal, as die Afrikaner nie sy volle identiteit soos aangedui bewaar nie, hom van die „Pad van Suid-Afrika" aflei, daardie pad wat deur die Afrikaner met sy Calvinistiese verlede en erfnis oopgetrap is.

H. G. STOKER.